



## Staan op vir die regte van vervolgte gelowiges

Christen-mans word deurgaans valslik daarvan beskuldig dat hulle misdade pleeg óf die meerderheidsgodsdiens beledig. Dié wyse van vervolging ken geen ouderdomsbeperkings nie en gelowiges kan ook burgerskap en toesig oor hul kinders geweier word. Christene kan uit 'n gemeenskap geskop word omdat hulle Jesus volg en ook verbied word om met 'n Christen-sielsgenoot te trou.

Gelukkig rus 'n Geskenk van Hoop vervolgte Christene toe om op te staan en sulke onregmatighede te beveg.

Toe Christene weens hul geloof in Mexiko uit die gemeenskap geskop is, kon Geopende Deure hulle met regshulp bystaan. *“Danksy julle gebede en ondersteuning kon Geopende Deure prokureurs aanstel om vir die regte van hierdie gelowiges te veg,”* sê 'n Geopende Deure-werker in Mexiko.

Skandeer hier.





## 1 Noord-Korea

Christene word beskou as die gevaarlikste politieke element in Noord-Korea en word weens hul geloof in Jesus aan uiterste vervolging blootgestel. Bid dat God die talle geheime gelowiges in dié land se geloof sal versterk.

## 2 Somalië

Somaliese gelowiges wat van Islam bekeer, word deur groepe soos Al-Sjabaab as verraaiers en "hoëwaarde"-moordteikens beskou. Bid vir die beskerming van dié gelowiges.

## 3 Jemen

Jemenitiese Christene staar verbanning en selfs die dood in die gesig weens hul geloof in Christus. Bid dat God voorsiening sal maak vir dié gesinne en diegene wat weens hul Christenskap geïsoleer word.

## 4 Eritrea

Christene wat nie deel van die drie erkende denominasies is nie, word gemonitor, blootgestel aan klopjagte en tronkstraf in onmenslike toestande opgelê deur die staat. Bid dat God hierdie gelowiges sal versterk en dat hul geloof standvastig sal bly.

## 5 Libië

Christene in Libië ervaar dikwels geweldige druk van hul gesinne om hul geloof te verloën. Weiering om dit te doen, kan lei tot haweloosheid en werkloosheid. Bid vir hierdie gelowiges vir volharding, voorsiening vir diegene wat werk soek en hulle veilige toevlugsoord.

## 6 Nigerië

Christene se vervolging is dikwels uiters gewelddadig, terwyl Islamitiese militante en gewapende rowers hulle met toenemende wetteloosheid aanval. Bid dat almal wat deur die geweld geraak word van hul wonde en trauma sal genees.

## 7 Pakistan

Daar heers 'n stille epidemie van ontvoerings, gedwonge huwelike en die gedwonge verloëning van Christenmeisies en -vroue se geloof om hele Christengemeenskappe te vervol. Bid vir die genesing van trauma vir dié vroue wat ontvoerings verduur het.

## 8 Iran

Christen-huisgroepe bestaande uit Moslem-bekeerlinge word dikwels aan klopjagte blootgestel. Tydens dié aanvalle word leiers en groeplede vir "misdade teen nasionale veiligheid" gearrester. Bid dat die president die regte van Iran se godsdienstige minderhede sal respekteer.

## 9 Afganistan

Dit is steeds onmoontlik om openlik in Afganistan as 'n Christen te funksioneer, en sedert die Taliban se oornam in 2021 het vervolging toegeneem. Bid vir die veiligheid van Christenbekeerlinge wat gewelddadige gevolge in die gesig kan staar indien hulle as gelowiges geïdentifiseer word.

## 10 Soedan

Christene is kwesbaar vir uiterste vervolging in hul openbare- en privaatlewens, veral as hulle vanaf Islam tot bekering gekom het.

(Soedan vervolg)

Bid vir beskerming, bemoediging en moed vir Christene wat vanaf Islam tot bekering gekom het.

### 11 Indië

Die vervolging van Christene neem steeds toe terwyl Hindoe-ekstremiste probeer om die land van hulle teenwoordigheid en invloed te "reinig". Bid dat vervolgte Christene bemagtig sal word om sterk te staan.



### 12 Sirië

Christene in Sirië en veral kerkleiers worstel steeds met daaglikse vervolging, ten spyte van die sogenaamde Islamitiese Staat se openbare bedreiging wat grootliks afgeskaal is. Bid vir vrede in die land, asook die beskerming van Christene en veral kerkleiers.

### 13 Saoedi-Arabië

Christene word gedwing om hul geloof in die geheim te beoefen. Vroulike Christen-bekeerlinge loop die gevaar om slagoffers van fisieke geweld te word, terwyl mans openbare vernedering, aanranding of tronkstraf in die gesig kan staar. Bid dat geheime gelowiges in Saoedi-Arabië van God se nabyheid en getrouheid bewus sal wees.

### 14 Mianmar

Bekeerlinge in Mianmar word steeds deur hul Boeddhistiese, Moslem- of stamfamilies en gemeenskappe vervolgt. Bid vir die voorsiening van alle fisiese en geestelike behoeftes vir hierdie nuwe gelowiges en dat hulle geloof versterk sal word.

### 15 Maledive

Gelowiges in die Maledive word gedwing om hul geloof geheim te hou. Indien hul Christenskap ontdek word, kan hulle aan Moslem-leiers of die owerhede uitgelewer word. Bid dat God gelowiges sal onderhou wat in afsondering en geheimhouding leef.

### 16 China

Kerkbywoning word streng gemonitor en talle kerke word gesluit. Christenleiers word oor die algemeen deur die regering dopgehou en sommige word selfs ontvoer. Bid dat Christene in China se geloof ondanks dié situasie sal floreer en vir die veilige terugkeer van ontvoerde leiers.

### 17 Mali

Gewelddadige ekstremitiese aanvalle duur onverpoosd voort in Mali en Christelike sendelinge leef in konstante vrees vir ontvoering. Bid vir stabiliteit in Mali en dat God se vrede in dié land sal heers. Bid dat God interne ontwortelde gelowiges sal vertrous en aan hulle sal voorsien.

### 18 Irak

Die onverdraagsaamheid en vervolging deur meestal militante Islamitiese groepe en nie-Christelike leiers raak baie Irakse Christene. Bid dat die regering Christene en ander godsdienstige minderhede se regte sal beskerm.

## 19 Algerië

Christene in dié land is kwesbaar vir vervolging indien hulle van godslastering en bekeringsywer aangekla word. Intussen gaan die owerhede voort om kerke stelselmatig te sluit. Bid dat wetgewing wat godsdienstryheid beperk, herroep sal word en vir die heropening van geslote kerke.

## 20 Mauritië

Dit is onwettig om van Islam te bekeer en enige afwyking van dié geloof word nasionaal sterk teengestaan. Bid vir geheime gelowiges vir moed terwyl hulle probeer om God te aanbid en mekaar op hul geloofspad te ondersteun.

## 21 Oesbekistan

Gelowiges ervaar toenemende druk van hul gesinne wanneer hulle tot bekering kom en kan aangerand of uit hul gemeenskappe verwerp word. Bid vir God se beskerming en voorsiening vir Christene wat hul werk verloor of uit hul gemeenskappe verban word.

## 22 Colombië

Kerkleiers wat korrupsie aan die kaak stel, menseregte verdedig en die bendes teenstaan, word deur guerrillagroepeteiken. Hulle loop ook die gevaar om vermoor te word. Bid vir die beskerming van pastore en dat hul geloof standvastig sal bly.

## 23 Burkina Faso

Gelowiges wat vanaf Islam bekeer, staar verwerping deur hul familieleden en gemeenskappe in die gesig en word voortdurend gedwing om hul geloof te verloën. Bid dat vervolgte gelowiges se lewens deur die Here se teenwoordigheid versterk sal word.

## 24 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Onrus heers sedert 2013 in die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR). Christenleiers wat die geweld in die openbaar veroordeel het, ervaar vervolging. Bid vir blywende vrede en stabiliteit in die SAR. Bid vir leiding terwyl gelowiges hul Christelike getuies uitleef en veral vir pastore en hul gesinne.

## 25 Viëtnam

Die meeste Christene behoort aan Viëtnam se etniese gemeenskappe en staar dus sosiale uitsluiting, diskriminasie en aanranding in die gesig. Bid dat hulle die teenwoordigheid, vrede en liefde van God sal ervaar.

## 26 Turkmenistan

Die regering beperk godsdienstryheid op groot skaal en kerke word gemonitor. Vra God om die harte van die owerhede te versag, sodat Christene die vryheid sal hê om te aanbid en die Evangelie te verkondig.

## 27 Kuba

Kerkleiers of Christelike aktiviste wat die regime kritiseer, staar arrestasie, tronkstraf en die sluiting van hul kerke of ondernemings in die gesig. Bid vir veerkragtigheid en wysheid vir Christene en kerkleiers.

## 28 Niger

Niger het in 2022 weer die top 50 van die Wêreldwaarnemingslys gehaal. Dié syfer weerspieël hoe die vervolging van Christene in hierdie land aanhou styg. Vra God om getraumatiseerde gelowiges wat gewelddadig weens hul geloof aangeval is, te genees.